# RAPPORTEER 'N BELASTING- OF DOEANE-OORTREDING

Ons wil die rapportering van belasting- of doeane-oortredings vir jou maklik maak. As jy wil weet wat ons as verdagte aktiwiteite ag, klik hier. Ons het selfs 'n aanlyn vorm geskep wat jy kan voltooi. Wat moet jy gereed hê voor jy begin?

- Dit help as jy 'n ID-nommer en/of belastingverwysingsnommer het van die persoon wat jy aangee. Maar dit is nie noodsaaklik nie. Selfs 'n voertuigregistrasienommer sal help
- Ons sal jou vra of die oortreding oor sakebelasting, persoonlike belasting of doeane is
- Jy besluit of jy anoniem wil bly
- Maar die vorm is eenvoudig en maklik om te voltooi.

Indien jy enige verdagte aktiwiteit wil rapporteer, klik hier.

**Neem asseblief kennis:** Indien jy enige uitdagings ondervind met die oopmaak van die vorm, bv. indien die vorm blanko is op die eerste bladsy nadat jy 'Continue' geklik het, kan dit beteken dat jou blaaier nie die Adobe Flash (PDF) vorm steun nie. Blaaiers bekend vir nie-steuning van Adobe vorms is Chrome, Safari (Apple) en Edge. Om te sien hoe om suksesvol PDF's in hierdie blaaiers te besigtig, verwys na ons aanpasbaarheidsriglyne. Die vorm werk suksesvol in Internet Explorer (weergawe 8+), Mozilla Firefox en Safari vir Windows. Neem ook kennis dat indien jy stawende dokumente wil oplaai saam met jou verdagte aktiwiteitsverslag, moet jy die nuutste weergawe van Java installeer.

Jy moet weet dat ons nie met jou sal kontak maak of terugvoer gee oor ons vordering nie, omdat ons nooit 'n persoon se belastingaangeleenthede met enige iemand anders bespreek nie. Maar wees verseker dat jou bydra belangrik is en dat ons sal ondersoek instel. SARS word verbied om terugvoer te verskaf, selfs oor of die entiteit wel ondersoek word of nie. Jy sal geduldig moet wees en die deursigtige proses, wat SARS ingestel het om klagtes te bestuur, toe laat om sy gang te gaan.

Jou inligting is waardevol vir ons. Om 'n belastingoortreding te rapporteer is die regte ding om te doen.